



MPO AANWYSER 6/7 Oktober 2021

MASSIEWE STYGINGS IN INSETPRYSE HET DIE PRODUKSIEKOSTE VAN ONGEPROSESSEERDE MELK DRASTIES VERHOOG


Ureum- en superfosfaatpryse

In Augustus 2020 was die prys VS\$249,50 (R4 298,88) per ton en 12 maande later, in Augustus 2021, het die prys gestyg tot VS\$446,88 (R6 600,40) per ton. Dit is 'n styging van 79% in VS\$-terme, en in ZAR-terme is dit 53,5%.

Die prys in September 2021 het egter verder drasties opgeskiet tot VS\$623 (R9 313) per ton, wat 'n styging van **116,6%** in ZAR-terme verteenwoordig in vergelyking met die September 2020-prys.

Die jongste prys soos gekwoteer op 'n plaas afgelewer in KwaZulu-Natal was R10 245 per ton.


Figuur 1 Ureum VAB-prys Swart See; September 2016 tot Augustus 2021; bron: Indexmundi



Maand	Ureum (VS\$ prys per ton) Okt'21 "spot" prys en die res toekomspryse
Okt '21	680
Nov '21	712
Des '21	714
Jan '22	722
Feb '22	728
Mrt '22	726
Apr '22	722,5
Mei '22	725

Bron: Chicago Mercantile Exchange; VSA Golf VAB-pryse

Figuur 2 Superfosfaat VAB-prys Swart See; September 2016 tot Augustus 2021; bron: Indexmundi



In Augustus 2020 was die prys VS\$276,25 (R4 759,78) per ton en 12 maande later, in Augustus 2021, het die prys gestyg tot VS\$555 (R8 197,35) per ton. Dit is 'n styging van 101% in VS\$-terme en in ZAR-terme is dit **72,2%**.

Die pryse in Figure 1 en 2 sluit vrag- en versekeringskoste uit. Figuur 3 toon die verloop van vragkoste.

Figuur 3: Baltiese Droog-indeks; bron: Bloomberg



Die Baltiese Droog-indeks weerspieël die koste om droë kommoditeite soos graan en bemestingstowwe te verskep. Dit is duidelik dat hierdie koste tans rekordhoogtepunte bereik. Hierdie rekordkoste sal lei tot dramatiese verdere stygings in die koste van gelande kunsmis.




Net in September 2021 het die indeks met **32,5%** gestyg en die mark verwag verdere stygings in Oktober 2021.

Bogenoemde is hoofsaaklik te wyte aan die nasleep van die wêreldwye harde grendeltyd in 2020. In daardie tyd is produksie-uitsette en logistieke kapasiteit verloor. Die wêreld probeer nou inhaal en in dié proses het baie kommoditeitspryse, vervoerkoste en produkpryse drasties gestyg.

Graanpryse

Die kombinasie-voermeelprys het sedert Mei 2020 skerp gestyg en dit wil voorkom of daar 'n nuwe prysregime in die proses ontstaan het. Internasionale growwe graanvoorrade is laag en dit dryf die hoër vlakke van graanpryse wêreldwyd. Die gemiddelde prys vir die kombinasie-voermeel het met 46% gestyg van 2019 tot 2021.

Figuur 4 Voermeel (70% geelmielies en 30% soja), JEB MTM-pryse, Jan 2018 tot September 2021



Ander insette soos elektrisiteit is met 18,7% op en basiese staal en yster met 44% oor die tydperk Augustus 2020 to Augustus 2021. Bron StatsSA.

Die verhoogde kostestruktuur wat op melkplase voorkom, soos hierbo uiteengesit, is abnormaal aggressief. Die suiwelwaardeketting sal oor die volgende drie maande slim te werk moet gaan teen die agtergrond daarvan dat alle aanduidings daarop wys dat produsentepryse nie kan daal nie maar eerder gaan verhoog. Die Suid-Afrikaanse verbruiker swaar trek weens die swak Suid-Afrikaanse ekonomie, met die gepaardgaande negatiewe effek op bestebare inkomste.

Bertus van Heerden

Hoofekonoom, Melkprodusente-organisasie (MPO)